higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11020323)

11 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

588Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die VRAAGNOMMER (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Spoorvervoer is veral geskik vir die verspreiding van relatief klein hoeveelhede goedere aan 'n wydverspreide mark.

1.1.2 Die vervoerbedryf is negatief deur die Covid-19 pandemie beïnvloed.

1.1.3 Wanneer goedere van spoor na pad en dan na seevervoer verander word, staan dit as algemene vragvervoer (‘carrier transport’) bekend.

1.1.4 Ro-Ra-skepe word uitsluitlik vir die vervoer van motorvoertuie gebruik.

1.1.5 Lugvervoer bied buigsaamheid en gerief.

1.1.6 Nuttigheid verwys na die nuttigheidswaarde of diens wat iets vir die koper/eienaar inhou.

1.1.7 'n Passasier is iemand wat in 'n voertuig (pad, see of lug) reis.

1.1.8 Die grootste uitdaging is om taxivervoer veilig en bekostigbaar te maak.

1.1.9 'n Strategiese witskrifdoelwit is om formele kontrakte met operateurs te vestig.

1.1.10 Seevervoer speel 'n noemenswaardige rol in Suid-Afrika.

(10 × 1) (10)

1.2 Thabo bespreek 'n vlug van Pretoria na Durban. Weens onvoorsiene omstandighede kan hy slegs twee dae later vlieg as wat hy bespreek het. Hy moet nou die huidige bespreking kanselleer en ‘n nuwe bespreking maak.

1.2.1 Adviseer Thabo met inligting oor hoe die kaartjie gekanseleer moet word en ‘n nuwe bespreking gemaak kan word. (3 × 2) (6)

1.2.2 Verduidelik die prosedure vir die hantering van kaartjies wat verval het. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Noem EEN vervoermetode wat vir die vervoer van petroleum gebruik word. (1)

2.2 Verduidelik TWEE nadele van intermodale vervoer. (2 × 2) (4)

2.3 Kopiëer die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK oor. Gebruik die sleutel hier onder deur die leë spasies in te vul deur die prestasie ('performance') van elke vorm van vervoer met mekaar te vergelyk met die gesellekteerde kriteria. Die eerste ry is as 'n voorbeeld voltooi.

PRESTASIE-KRITERIA	VERVOERMETODE				
	Pad	**Spoor**	**Lug**	**Water**	**Pyplyn**
Betroubaarheid van aflewerings	2	3	4	5	1
Afleweringspoed	2	3			4
Gehalte	2	3	4		
Koste	3	4		2	
Buigsaamheid van die roete		2	3	4	

Sleutel: 1 = Beste prestasie, 5 = Swakste prestasie (8)
[13]

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE rolle wat lugvervoer speel wanneer goedere vervoer word. (2 × 2) (4)

3.2 Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste.* (2 × 2) (4)

3.3 Noem en verduidelik VIER faktore wat 'n invloed op vervoerkoste het. (4 × 2) (8)

3.4 Noem en verduidelik DRIE generiese modale eienskappe van vervoer. (3 × 2) (6)

3.5 Gee DRIE redes waarom die minibustaxibedryf die modus van vervoer is wat deur die voorheen agtergeblewe gemeenskappe in Suid-Afrika verkies word. (3 × 2) (6)

3.6 Noem DRIE Vervoerregulerende Liggame in Suid-Afrika. (3 × 2) (6)
[34]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *openbare vervoer* en *privaat vervoer*. (2 + 2) (4)

4.2 Verduidelik VYF veiligheidsmaatreëls wat vervoeroperateurs moet tref wanneer passasiers die voertuig verlaat. (5 × 2) (10)

4.3 Gee VYF details wat vervoeroperateurs aan hulle passasiers ten opsigte van roetes moet kommunikeer. (5 × 2) (10)

4.4 Noem EEN instrument wat gebruik word om kaartjies geldig te verklaar. (1)

[25]

VRAAG 5

Verduiddelik elk van die volgende terme:

5.1 Passasiersvervoer

5.2 Monopolie

5.3 Elektroniese verifiëring

5.4 Aan boord gaan

(4 × 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou